

# O E S T Y D

## September 2016

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloftie na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbeloofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

### ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA

#### Nuusbrief – September 2016:

Wat 'n voorreg weer terug te kan wees in Kambodja na 'n warrelwind besoek in SA. Dankie vir al die omgee wat ek ontvang het. Dit gaan regtig goed met my en die wonder van God en Sy liefdevolle genade bruis in my



*Renew              Hope.              Restore              Cambodia.*

"Our Anti-Exploitation Programs confront the complex issues of human trafficking and sex slavery in a dark underworld that preys on society's most vulnerable women and children. We believe that there is hope in the midst of the darkness, and are fully committed to responding through the key areas of prevention, rehabilitation and reintegration."

Ek is vanaf Maart 2016 betrokke by 'n bediening onder Ratanak Internasionaal - ek het die pioneer van die projek in my AOC jare ontmoet toe hy 'n donateur was. Amazing persoon vir wie ek baie respekteer.

My bediening is in die 'Ratanak achievement Program' Ons noem dit sommer RAP. Dit is 'n 'transitional' huis vir vrouens wat in enige vorm van slawerny vasgevang was; arbeid, sex of beide. Die regerings kontrak sluit ook bediening in Kareoke kroeë in - die kroeë is 'n baie dun 'smoke screen' vir 'sexual exploitation'. Ons het gepraat dat ek ook by die bediening betrokke sal raak.

In Kambodja is daar paar organisasies wat hande vat en ons ontvang/help ook Khmer vrouens wat vanaf Malaysia, China ens terugkom na 'exploitation'. Die regering is ook betrokke deur hulle teenwoordigheid in lughawe wanneer die vroue (en mans) terugkeer van ander lande waar hulle in slavery vasgevang was.

In RAP is daar 'social workers' wat die vroue bystaan op baie lewens vlakke; onder andere om hulle te help om skool of profesionele opleiding te ontvang, hulle te help om werk te vind en weer in die samelewing te herintegreer. Daar is beraders en my rol is die verantwoordelik vir die gesondheid van die vrouens.

God is 'n integrale deel en die fondasie van ons bediening in RAP . Ons bid, disipel, loop en lees die Woord saam as span en ook met die vroue wat in die/buite die transitional huis bly.

Wil jy verstaan wie Ratanak is - kyk dan asb na onderstaande links.

<http://ratanak.org/>

<https://www.facebook.com/ratanakinternational/> (Die facebook page het interessante link na artikel oor die verskil in huwelike wat gereel word in Sjina en Kambodja).

### **RETREAT: Bediening van vergifnes - Pastor Reaksa**

Ons was op personeel retreat vir 3 dae en was erg bederf met blyplek en alles wat ons ontvang het. Die spanbou was uitstekend. 'n Hoogtepunt was Pastor Reaksa en die impak wat hy op ons almal gehad het. Pastor Reaksa is 'n Khmer Rough oorlewende. Hy en sy ouers was as geleerde beskou en moes daarom vermoor word.

Hy was 14jr oud toe hy en sy familie die volle brutaliteit van die genocide era ervaar het. Die manne was eerste na die massagraf gelei om vermoor te word. Sy pa en sy bababoetie wat hy gedra het was eerste vermoor. Hy was ook met stomp hout voorwerp op sy nek geslaan en het op die ander bebloede lyke gevallen. Sy keel was egter nie met panga oopgesny nie en hy was soort van by sy bewussyn. Toe die Khmer Rough die vroue gaan haal om hulle te vermoor het hy oor die lyke geloop en gaan wegkruip. Hy het gesien hoe sy ma vermoor is.

Hy kon by 'n vlugtelings kamp uitkom en is na Canada waar sy ander broer bly. Wraak en bitterheid en 'n begeerte om sy familie se moordenaars in die hande te kry en hulle ook te vermoor was deel van sy menswees. Toe neem hy Christus aan en sy lewensdoelwit verander na 'n bediening van vergifnis. Terug in Kambodja het hy die Khmer Rouge persone wat sy ouers vermoor het gesoek en kon 2 van opspoor. In plaas van wraak het hy na hulle gegaan en gesê 'Ek is 'n Christen en voorheen wou ek julle doodmaak maar nou staan ek voor julle met vergiffenis'. Hy sê een van hulle het sy skuld beleid en om vergiffenis gevra - hy het toe vir die man gesê dit is waarvoor hy so lank gewag het - net om dit te kan hoor.

Sien asb die internet links hieronder vir sy storie ...

Reaksa - [https://www.youtube.com/watch?v=YO\\_kd5T7Ga0](https://www.youtube.com/watch?v=YO_kd5T7Ga0)

<http://theforgivenessproject.com/stories/sokreaksa-himm-cambodia/>

Sy deel met ons en die seer wat tog nog in sy hart is oor die moorde het my diep geraak. Dit was

goed om te kon terug staan en na my eie lewe te kyk. Het ek vergewe, so totaal sodat ek soos Reaksa kan optree? Ek het al gehoor dat mense na ander kyk en sê 'Jy is sterker as ek, jy kan deur sulke goed werk' - Dit is nie waar nie; ons almal het die selfde Heilige Gees wat ons bystaan en kyk na wat Paulus sê *1 Kor 10:10- 13 "..... maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."* Dus kan ons ook soos Reaksa in oorwinning lewe - ja daar was berading vir trauma / PTSD maar dit is slegs geloof in Jesus Christus wat bevryding bring.

### **Woorde bring 'dood' of lewe**

Reaksa se bediening van vergifnis bring vrymaking/gee lewe; bitterheid en onvergiffenis kan dit nie doen nie. Ek sit saam met 'n Khmer vriendin en sy begin sommer net deel dat sy as kind (8jr - 14jr oud) tydens elke besoek van 'n familie lid seksueel gemolesteer was - sy het nog nooit daaroor gepraat nie. Daar het 'n stilwees in my hart kom lê, my bediening op daardie oomblik was net om te luister en met my hele menswees net daar te wees. Sy deel toe ook dat die molestering haar hele lewe beïnvloed en dat sy 'n aborsie wou hê met haar 2de kind - dat sy my gevra het wanneer lewe begin en dat ek toe gesê het dit begin met bevrugting - my persoonlike oortuiging. Sy wys toe na haar kind en sê vandag is hy 14jr oud en sê 'Ek is lief vir hom...' '

Ons woorde en dade het impak; dit wat ons sê en doen kan verskil in mense se lewens maak. Kom ons loop die pad wat Reaksa gekies het van vergiffenis. Uitgespreukte vergifnis, 'n brief, 'n kaartjie etc kan jou vry maak en dalk ook 'n ander persoon na Christus lei. *Bid asb soos God jou lei na aanleiding van Reaksa se bediening van vergifnis – moenie wag nie vergifnis maak waarlik vry.*

### **Wat 'n voorreg om deel te mag wees!**

Dit was sommer net baie lekker dat ons almal weer saam kon kuier - eerste keer in 'n jaar. Ons kon gesels oor al die nuwe babas, hulle bedieninge buite Veritas - hoe hulle uitreik na mense en kinders wat swaarkry, hoe hulle deur vertaling en trok bestuur etc ekstra inkomstes maak om hulle inkomstes aantevul. Dit gaan goed met hulle drie - Sok het beentjies in sy hakskeen gebreuk en is op kurke - voet nog erg geswel. Bid asb vir hulle, families en al hulle bedienings.

Mag julle meer meer die wonder van lewe in God ervaar

### **CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK**

### E-pos 24 Augustus 2016

Ons kom amper aan d einde v ons vakansie - en veral vd kinders ! Die nuwe skooljaar begin volgende week Donderdag.

Ons het vanoggend verneem dat d Ma v een v ons gemeentelede gister aan 'n hartaanval oorlede is. Drie weke gelede is Rosette oorlede na 'n lang stryd met kanker. Sy was 'n

Ouma wat 'n voorbeeld was v geloof, volharding en blydschap gedurende haar lewe enveral tydens haar siekte. Bid asseblief vir haar man, 3 kinders en haar kleinkinders.

Septembermaand begin vinnig met d vergaderings, bybelstudies en kategese. Ons moet nog d laaste 3 hoofstukke vd Johannesevangelie klaarmaak (ons het September 2015 met d Johannesevangelie begin). Twee temas wat aangevra is om te behandel tydens d bybelstudies, is die Duiwel en d eindtye (hemel, oordeelsdag, wegraping, waar is ons nà d dood en d oordeelsdag, ens - al d lekker dinge waарoor kerke so baklei ...!).

Ek oorweeg om d jaar met 'n preekreeks of oor Prophetic lament (Klaagliedere) te doen of oor gesprekke van Jesus met verskillende persoonlikhede (Tim Keller).

Annie, 'n jong weduwee, kom d afgelope maand kerk toe. Sy het 'n 22jarige seun, depressief, slaap d hele dag en staan af-en-toe die nagte op. Hy wil nie gehelp word nie. Bid asb vir hulle.

Finansies: Ek skryf nie graag oor finansies nie, want daar is altyd iemand (baie!!) wat in erger/moeiliker situasies as ons is. Ons word tans deur 3 gemeentes ondersteun waarvan 2 al geruime dat laat weet het dat hulle hul bydrae weens hulle finansiële situasie moet verminder - wat verstande is. Dit saam met d verlaging in d wisselkoers d afgelope paar jaar, het ons inkomste heelwat verminder. Indien julle v gemeentes weet wat ons kan kontak vir ondersteuning, laat my weet - selfs al is dit vir 'n eenmalige bydrae per jaar. Moeilike maande is veral September en Januarie.

Groete in Sy Naam

#### **MOSAMBIEKSENDING – Andries & Sunette Schwartz skryf ...**

#### **Nuubrief – Junie - Augustus 2016**

Die Kusi (suidewind) het die afgelope vier maande aanmekaar geblaas. Die brandboontjie hare is oral ingewaai. Ons het vir weke gejeuk en krap – die werkers sê hierdie was 'n goeie jeuk-jaar. So het die tyd ook verby gestorm en ons kan skaars glo drie maande is verby sedert ons laaste nuusbrief. Dankie aan almal van wie ons nuusbrokkies ontvang het, en natuurlik aan almal wat vir die werk en die mense hier in ons geweste ingetree het.

## **Op julle merke, gereed ....**

Radio Nuru (soos julle seker al weet) het aanvanklik tot stand gekom met die doel om die onbereikte Mwani volksgroep, te bereik. Ons het egter die potensiaal om 'n instrument in die verkondiging van die evangelie aan ander onbereikte volksgroepe (bv. Makua) te wees. Selfs die Makonde groep, onder wie daar reeds heelwat plaaslike kerkies ontstaan het, word steeds deur die 'Joshua-project' as onbereik beskou.

Alhoewel daar nie tans die nodige hulpbronne is vir uitbreidings nie, het ons besluit om intussen ook 'n programbiblioek in die Makua- en Makonde-tale te begin opbou, asook in Portugees. Ons hoop dat Radio Nuru steeds in die toekoms sal voortgaan om die Lig aan die nasies te bring.

## **Nog werkers:**

Die Jesus-sprekwoord 'Die arbeiders is min' is waarlik van toepassing op ons; die werk is te veel vir ons klompie hier. Ons is voortdurend aan die uitkyk vir plaaslike mense wat kan help met die maak van programme. Na die administradora se besoek (sien paragraaf onder) het 'n paar mense kom aanmeld om as vrywilligers te werk. Dit is baie opwindend vir ons. Van die wat nie 'n oortuigende getuienis het dat hulle Jesus volg nie, het ons gebruik om onderhoude met plaaslike kundiges oor o.a. landbou, gesondheid en onderrig te voer. Een van hulle help met die Portugese verduidelikings vir die Engelse lesse.

Andries het een van die gelowige manne ingespan om te help met die Bybelstorieprojek. Hy neem Bybelstories in Portugees en Makua op. Ons is hard op soek na 'n Mwani wat die werk in harts-Mwani kan doen. Die nuwe staatsregter het ook met sy blink klere en -motorfiets hier aangekom, Hy wou hoor of hy ons nie kan help om programme oor belangrike gemeenskapskwessies te maak nie. Dit is regtig aktuele onderwerpe. Die eerste program is reeds gedoen en die man ken sy praat. Ons is ook al amper by die halfpadmerk wat ons 'commitment' as Radio Nuru bestuurders betref. Om hierdie rede het ons ook begin advertensies plaas vir 'n nuwe span om hier oor te neem. Ons wil nie ons band met die stasie verbreek nie, maar wil graag op die 'veld' uitkom. Bid asseblief saam oor hierdie proses. Wat van jou? Bid ook vir ons kerkplanting spansamestelling. Later meer hieroor.

## **Belangrike besoekers:**

Die 'administradora' of 'burgermeester' van die Macomia-distrik het met 'n hele regeringspan by ons kom besoek afle. Ons moes die ateljee-verf (na die brand) sommer skielik aanpak en alles is geskrop, blinkgevryf en koek is gebak. Sy is 'n \*oslem, en groot was ons dankbaarheid toe sy ons aanmoedig om die Bybelboodskap altyd die prioriteit van ons uitsaai-program te hou. Al waارoor sy ontevrede was, was dat ons nie in meer plaaslike tale uitsaai nie! Dit is wonderlik hoe die Here vir ons die goeie gesindheid van

hierdie invloedryke vrou bewerk het. Tydens Paasfees het ons een van die klein kerkies in die distrik besoek en sy is vir die feestelikheid deur die kerkleiers uitgenooi. Ons het daar met haar gesels en sy het ons vertel van haar broer wat oorlede is. Sy Bybel was sy belangrikste besitting en op sy sterfbed het hy gese dat haar suster (die administradora) die Bybel moet kry. Sy bewaar dit nou nog as 'n kosbare skat. Bid dat God se Woord nie net van buite af vir haar sentimentele waarde sal he nie, maar dat sy die Goeie Nuus daarin sal ontdek.

### **Radio Nuru verjaar**

Tydens een week in Julie is Radio Nuru se verjaarsdag met gebruiklike feestelikheid gevier. Ons is nou 7 jaar oud! Andries en die omroopers het vooraf wyd en syd gery om onderhoude met luisteraars te voer, en baie vriende van Radio Nuru het vertel wat die radio vir hulle beteken.

In elke dorpie het ons gereelde luisteraars gevind; soms net 'n paar maar in sommige dorpies het die mense nader gestroom as hulle hoor dat hulle gunsteling stasie besoek aflê. As deel van die vieringe was daar ook 'n ken-jou-radiostasie kompetisie. Teen die einde van die week is 5 name uit almal met korrekte antwoorde getrek. Weer is daar gery om prysie ('n Bybel, 'n flits, 'n sker, 'n koffiebeker en 'n radio Nuru Themp) te oorhandig en onderhoude met die wenners te voer.

### **Besondere Besoekers**

Ons het 'n paar buitenlandse besoekers ook gehad, wat almal vir ons groot vreugde verskaf het. Johan en Marlize Kruger, ons oud-bure in Suid-Afrika, het vir 'n week kom kuier. Ons het Noord gery en langs die see gekamp en Andries kon weer saam met sy fietsry kameraad 'n paar bulte en kilometers kafdraf.

Hulle is getroue ondersteuners, en saam met hulle gemeente (Evangelies Gereformeerde Kerk Centurion) getroue voorbidders. Ons dogter, Carla, het vir haar vier-wekelange vakansie op die vliegtuig gespring en vir ons en haar groot-word-land kom kuier. Soos met die Krugers 'n maand tevore, het ons weer 'n paar dae se seekamp ingepas. Ons het natuurlik ook nie die kans laat verbygaan om 'n paar 'Let's talk English' dialoe vir die radio met die besoekers op te neem nie.

### **Binnelandse Besoekers**

Binnelandse besoekers is nog 'n kosbaarheid. Die naaste Afrikaanssprekende bure na wie toe ons 'oor die straat hardloop' is die de Kruiwe in Pemba – 3 ure se ry Suidoos, en die Thiarts in Quionga – 4 ure se ry Noord. So elke dan en wan kruis ons paadjies as ons, soos dit maar met familie gaan, mekaar se huise, ondersteuning en ore benodig. Nog 'n onverwagte besoek was 'n 'Gouws-verrassing'. In 1991 het ons saam met die Gouwse in

Mosambiek begin werk. Hulle het met hulle kenmerkende lewenslus vir twee dae by ons in en uit gewarrel. Wat 'n voorreg om hulle weer te kon sien!

### **Vas en bid**

Julie was ook die maand wat die leierskap van World Outreach opsy gesit het vir vas en bid- tye, om die Here se aangesig te soek, Sy leiding in die werk en om ons afhanklikheid van Hom te erken. Dit was baie spesiaal om deel te hê hieraan en ons is bly om deel te wees van 'n groep vir wie hierdie kernsake belangrik is.

### **Herbeplanning en seen**

Andries skryf: Met die opnames en edit van die Bybelverhale het ons besef dat ons iewers weer van voor af moet begin. Die portugees was nog te 'hoog' en ons formaat nie lekker nie. Ek het 'n baie vloeiende vertaling in eenvoudige portugees 'ondek'. En weer by Josua begin. Ons het 20 verhale gebruik om Josua se boodskap oor te dra. Die vertelling mag nie langer as 5 minute duur nie. Na 'n kort breek, verander die trant na 'n gesprek. Die hoogtepunte in die storie word uitgelig en nuwe begrippe kortliks verduidelik. Dan beantwoord ons die vrae: Wat leer die gedeelte ons van God en die mense. Daarna: Wat sê dit vir my? En laastens: 'n Vraag of opdrag wat verandering moet teweeg bring. Alles moet in 10 minute gebeur. Dit het beteken dat ek baie ure voor die rekenaarskerm spandeer. Josua - 2Samuel en Genesis se verhaal gedeeltes is afgehandel. Ek het ook Josua se gespreksgedeelte (toepassing) afgehandel. Ek is aangegryp oor die boodskap van Josua. Dit gaan, met selfs al die bloed en doodslag, oor 'n besondere toewyding tussen God en sy volgelinge. Gister het ek weer saam met Josef gehuil oor die vesoeing tussen hom en sy broers en die genesing van die grootgroot seer van vader Jakob se hart. Watter verhaal het ons nie om te vertel nie. Ek kan nie wag om by die evangelies uit te kom nie.

### **Werfnuus:**

Iewers gedurende die koeler weer het 'n week van warm weer te voorskyn gekom. Die slange het duidelik gedink dis die ideale geleentheid om hulle verskyning te maak. Ons het 5 slange in 5 dae in en om ons werf teegekom (en nog 'n paar daarna) en ons hond Gunner is deur 'n pofadder gepik. Sy kop was op 'n stadium amper so groot soos 'n sokkerbal geswel. Andries het hom liefdevol versorg en boonop het ons 'n veearts-vriend op konstante whatsapp bystand gehad. Hy is na 'n lang tyd se grootkop kry, darem weer homself.

Water bly steeds een van die grootste kopsere op die Radio Nuru terrein. Skottelgoed word versamel vir een maal per dag se was, stortwater word in 'n skotteltjie opgevang om later weer gebruik te word om die toilet te spoel en ... elke druppel word getel en oorweeg, want elke druppel tel.

## **Bid vir vrede**

Die aanvalle in Mosambiek op burgerlike teikens eskaleer steeds. Alhoewel ons provinsie dit nog vryspring, is daar in meer provinsies aanvalle sedert ons laaste nuusbrief. Baie onskuldige mense lei lewensverlies. Vrede is op almal se lippe, maar ons kyk na die Here vir hulp. Bid asb saam vir vrede.

## **Wiele**

Andries moes weer 'n klompie tyd en effort aan die Landrover spandeer, o.a. om die bedrading in orde te kry. Tydens ons kamp by die see saam met Carla het die sleutel in die aansluiter afgebreek en dit het veroorsaak dat die knormoer uitgebrand het. Ons is baie dankbaar vir André Thiart wat met sy generator en boor kom hand bysit het want daar was geen manier om die sleutel te draai nie en die stuurwiel was gesluit. Gedurende die twee weke daarna het Andries weer onderdele gesoek en moes ons Carla maar sonder knormoer lughawe toe neem. Die motor is nou weer piekfyn, maar iemand stuur vir ons die volgende: progression from boy to manhood : lego – mecano – Landrover... Om hierdie rede het ons nog een gekoop.

Groete uit die slangpark, maar in diens van die Een wie die slang se kop vermorsel het. Seënwense vir elkeen van julle.

## **LAUDIUM Outreach Group (LOG)**

### **Verslag oor die aktiwiteite van die 'Laudium Outreach Group' - September 2016**

#### **Persoonlike huisbesoeke**

Ons dank die Here vir Louie & Ursula Muller, Trevor & Plaatjies, en vir Johan Leiding wat onlangs by ons aangesluit het en wat saam met ons uitreik op 'n Maandag aand. Bid aseblief vir elkeen van hulle, dat die Here magtiglik deur elkeen sal werk om mense na Hom toe te trek. Die ander lede van die span wat al verskeie jare saam uitreik, is Ds Victor Pillay, Andre Rall, Ian Willemse, Johan Cronje, Alan & Joan Wainwright, Sankar Moodley, Pierre Smith en Lydia Gittens.

Jitesh en Zane is twee jongmense wat 'n tydjie gelede, onder Sankar se leiding, vir Jesus aangeneem het. Beide van hulle kom vanuit 'n agtergrond van dwelmmisbruik, en het van hulle vroëre lewenswandel af weggebreek en dien nou vir Jesus. Hulle reik ook nou saam met die span uit, en kry eerstehandse ondervinding van hoe om mense te bereik met die Evangelie van Jesus. Bid asseblief ook baie ernstig vir beide van hulle, dat hulle sal staande bly wanneer die versoekings hulle pad langs mag kom.

Bid asseblief ook vir Sankar en Premisha se bediening onder die straatkinders op Vrydag aande. Hy dra die Evangelie uit aan tot soveel as 100 mense gedurende daardie geleenthede, en voorsien ook iets aan hulle almal om te eet. Bid asseblief ook vir hierdie bediening.

Ons het ook net gister gehoor dat die vroujie wat na baie voorbidding, vrygekom het van die mag van voodoo en heksery, nou haar regs-graad verwerf het – en dit nadat die binding wat sy gehad het, onder andere, spesifiek ten doel gehad het dat sy nie sal studeer nie, en ook nie haar graad sal verwerf nie. Ons prys die Here vir Sy onmeetbare krag wat ook in haar lewe gemanifesteer is. Bid ook baie spesiaal vir haar, dat sy sal toeneem in die genade en liefde van die Here. Bid ook asseblief vir die bekering van haar man wat nog 'n Hindoe is, dat die Here hom ook sal red.

Ek het ook twee kort verslaggies gekry van Ian Willemse en Alan Wainwright betreffende hulle ervarings in die uitriek aksie, en sluit dit hierby in :-

Ian skryf:

Van die laaste paar uitreike, onthou ek dat ons dikwels na 'n familie gegaan het, wat bestaan uit drie lede. Twee van hulle is broer en suster en die derde persoon, is hulle tannie. Toe die broer en suster nog klein was, is hulle ma oorlede en het hulle by hulle ma se suster aangebly. Beide die tannie en die broer is Christene, maar die suster beweer dat sy Moslem is. Tog ken sy Christelike Halleluja liedere en het sy Sondagskool bygewoon en was sy op 'n stadium in haar lewe by 'n Christelike kerk betrokke. Ek dink daar is baie seerkry in haar lewe, wat kon lei tot bitterheid. Bid asseblief vir haar. Vir die genesing van Jesus van al haar seerkry en vir die oplos van al die bitterheid (as daar is) en dat Christene met hul optrede nie 'n skeiding sal vorm tussen haar en Jesus nie. Bid asseblief dat sy tot geloof in Jesus sal kom en Hom as haar Here sal kroon.

Alan skryf:

Some of my visits in Laudium are as follows:

\* I've visited a young Maulana (Islamic teacher) named Assad at his home regularly for the last few years. We discuss various topics including the Trinity, the authenticity of the Bible, and I always make an attempt to bring the Gospel into the discussion regardless of the topic.

\* I have recently started having discussions with another Maulana named Rashid in the Mosque of the Dawat-e-Islami (an Islamic propagation organization). Our discussions have been amiable and have centred around the purpose of man and God as Saviour.

\* I, along with Pierre Smith, visited a Malawian Muslim couple, Cassim and Aisha, who were very friendly and hospitable. We had a great opportunity to share the Gospel with them and answer some of their questions that they had.

There are many more but I'll leave it at these three.

En dan per afsluiting, baie dankie vir julle as idividue – en ook as gemeente, vir julle voorbidding en ondersteuning in ons bediening hier in Laudium – **Pretoria se eie “10/40 venster”**. Baie seën ook op julle arbeid in daardie deel van ons Vader se “wingerd”. Ons bid vir julle.



## **The Laudium Outreach Group**

### **An Open Discussion On**

### **Occult Bondage & Deliverance**

**You are cordially invited to attend an ‘Open Discussion’ on the above-mentioned topic, to be held at the Charisma Reformed Church, in an attempt to expose the ‘works of the enemy’ and to teach Christians on how to ‘Set the Captives Free’ in the Name of Jesus.**

**Date:**           **15<sup>th</sup> of October 2016**

**Time:**           **09:00**

**Venue:**          **The Charisma Reformed Church, Jewel Street, Laudium**

**RSVP:**           **30<sup>th</sup> of September 2016**

**Andre 083 772 1682 [Arall@scorpion.biz](mailto:Arall@scorpion.biz) or**

**Johan 082 501 8389 [johannaude@mweb.co.za](mailto:johannaude@mweb.co.za)**

**Topics to be discussed will be:-**

**Who is the devil, and what is his aim and his strategies?**

**What is meant by occult bondage?**

**Jesus came to set the captives free.**

**Therefore you go!**

**It will be an honour for us to have you in attendance. If you would like to invite your friends, you are most welcome to do so. Your friends are our friends too.**

**Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.** Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeeggroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

*Hier volg 'n bietjie inligting/terugvoering oor van die werk wat SSG doen:*

#### **Child Rescue International (CRI)**

The Mission is particularly concerned about the plight of children and the CRI programme saves them from suffering, whether they are being maltreated in their own homes or abandoned to one of the numerous government institutions that still exist.

#### **Summer Camps**

These provide carefree, Christian holidays to many who know what it's like to go to bed hungry and have never dared dream of having a vacation. As they grow up, MWB helps provide education, career training and guidance.

#### **Family to Family (F2F)**

This hugely popular programme provides opportunities to private sponsors to help needy families directly, especially when the need is urgent. This involves supplying everything and anything, from roofing material, to stoves and fridges, or furniture.

#### **Operation Winter Rescue**

Winters in the regions we operate are brutal, and often deadly. We 'rescue' families and individuals in desperate situations by providing warmth - food, clothing, blankets and fuel to prevent them from freezing.

#### **Operation Christmas Love (OCL)**

Putting Christ back into Christmas, MWB's OCL parcels are often considered a 'little miracle' to those who had feared Christmas without a crumb. These parcels of food, little treats and gifts are, indeed, a Godsend.

#### **Other offerings**

There are Soup Kitchens and other help for the old, the homeless, the outcasts. And **Gifts in Kind** is an outlet for those who can offer a service or goods in lieu of money.

A most important aspect of MWB's mission is revealing **the Word of God** to these people to whom a God was an unbelievable concept. The organisation distributes its own, beautifully illustrated Bibles, a leaflet in OCL parcels explains Christmas, Bible Study classes are held, spiritual counselling is offered, and participation in local church activities is encouraged.

## The Ukrainian Crisis

Whatever Putin and his cohorts say, Russia is waging war in Ukraine. Thousands of Ukrainians have already been killed and the suffering is staggering. The old and very young are so bewildered they don't know who is bombing their homes - or why. Starvation is a reality. Mission Without Borders constantly runs the gauntlet of Russian-backed aggression to deliver food, medical supplies and other essentials.

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde

Ds Leon Tait  
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street  
079 525 5695  
Carl de Beer  
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer  
083 443 9256

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

## **Sending (as deel van die nuwe Diensgetuenisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetalings verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.  
By voorbaat dank, Sending taakspan